# Ontdekking van diamante in Suid-Afrika

Suid-Afrika se ryk diamantgeskiedenis strek oor meer as 150 jaar. Hoewel daar verskeie teorieë bestaan oor wie nou eintlik die eerste diamant in Suid-Afrika ontdek het, is dit die 15-jarige Erasmus Jacobs wat in die meeste gevalle die eer hiervoor kry. Jacobs het glo in 1867 'n blink klippie op sy pa se plaas langs die Oranjerivier naby Hopetown opgetel. Toe Erasmus se pa die klippie vir die eienaar van die buurplaas wys, vermoed Schalk van Niekerk dat daar meer in die ontdekking steek as net 'n mooi "klippie". Hy stuur die gesteente na 'n **geoloog** in Grahamstad wat bevestig dat dit inderdaad 'n ongeslypte diamant van 21 karaat is. Sir Philip Wodehouse, die goewerneur (amper soos 'n minister vandag) van die Kaapkolonie, koop later die diamant by die geoloog. Hy het geglo dit gaan "die rots wees waarop Suid-Afrika gebou gaan word". [15]



Skoolkinders by die delwerye.

Dié diamant is tydens 'n uitstalling in Parys, Frankryk, die Eureka (in Grieks beteken dit "Ek het dit gevind"), gedoop. Hoewel dié diamant volgens vandag se standaarde nie baie groot was nie, was die ontdekking daarvan 'n ongelooflik belangrike gebeurtenis, want dit is geslyp van die eerste diamant wat in Suid-Afrika gevind is. Die Eureka was telkens in iemand anders se besit tot die De Beers-maatskappy die diamant gekoop en aan die Kimberley-mynmuseum geskenk het. Dié diamant kan vandag nog hier gesien word. [16]

Drie jaar later ruil Schalk van Niekerk, die einste buurman wat die Eureka-diamant by die geoloog laat toets het, 500 skape, tien osse en 'n perd (byna al sy besittings) vir 'n steen wat 'n plaaslike skaapwagter opgetel het. Hy verkoop hierdie ongeslypte diamant aan 'n diamantslyper teen 'n allemintige £11 200. Nadat Louis Hond die steen tot 'n pragtige diamant geslyp het, verkoop hy op sy beurt die diamant aan William Ward vir £25 000. Dié diamant is later die Ster van Suid-Afrika genoem en was in besit van die Ward-familie tot dit in 1974 teen £225 300 verkoop is. [10]

Bron: https://weet.co.za/skoolwerk/sosiale-wetenskappe/geskiedenis-van-diamante-in-suid-afrika/